Wes-Kaapse Regering
Landbou
BETER TESAME.

Weeklikse graanmarkverslag

Bemarking- en Agribesigheidsafdeling www.elsenburg.com

12 Junie 2015

Carine van Zyl
Tel: (021) 808 5189

1. SAFEX (MTM-PRYSE)

Die MTM-prys op Vrydag 12 Junie 2015 vir koringlewering in Junie was R3 855 per ton gelewer te Randfontein.

	MTM-pryse (12/06/2015) R/mt					Week eindig R/mt 05/06/2015	Vergelykende verhandelings-dag R/mt 13/06/2014	% Verandering
Kommoditeit	***Jun-15***	***Jul-15***	***Sep-15***	***Des-15***	***Mar-16***	***Jun-15***	***Jun-14***	***Jun-14 tot Jun-15***
Koring (RFTN)	3855	3880	3882	3845	3891	3902	3787	2%
Geelmielies	2470	2479	2520	2564	2544	2434	1974	25%
Witmielies	2837	2847	2890	2946	2942	2727	1871	52%
Sonneblom	5341	5377	5471	5536	-	5234	4605	16%
Sojabone 50ton	4754	4781	4864	4934	-	4844	5665	-16%
Sorghum	-	2705	2675	-	-	2670 **(Jul-15)**	2550 **(Jul-14)**	6% **(Jul-14 tot Jul-15)**

Bron: SAFEX, 2014 & 2015

<u>Wintergewasse</u>: Die koringprys vir lewering in Junie het die week op R3 855 per ton gesluit, R47 per ton laer as die vorige week en R68 per ton hoër as die vergelykende verhandelingsdag in 2014. Die plaaslike koringprys word ondersteun deur die verswakking in die Rand. Nader aan maand einde behoort die *Departement Handel en Nywerheid (DTI)* 'n beslissing te maak oor die verhoging van die koring invoertarief. Die huidige tarief van R461 per ton sal na verwagting tot ongeveer R800 per ton styg.

Die Wes-Kaap het sedert die eerste week in Junie gunstiger weer vir die wintergraan-aanplantings beleef. In dele van die Swartland het soveel as 50mm op plekke geval, terwyl tot

meer reën in dele van die Suid-Kaap voorgekom het. Alhoewel reën verspreid voorgekom het, sou reën vroeër 'n beter impak kan hê. Tot en met einde Mei was die groot deel van die Wes-Kaap nog uiters droog. Die produsente wat normaalweg vir die reën wag voordat hulle plant, het dus teen einde Mei in baie gevalle nog nie geplant nie. Volgens *Graan SA* is die meerderheid van produsente nou klaar geplant, die aanduiding is dat die totale hektare geplant nie baie van die vorige seisoen gaan verskil nie, maar daar is wel 'n afname in kanola-aanplantings opgemerk en 'n effense toename in garsaanplantings. Die huidige reën is voordelig vir graanprodusente, maar die voer van diere sal ten minste vir nog 'n 'n tyd 'n krisis wees.

Gedurende die week, 23-29 Mei is daar 24 813 ton koring vanaf Rusland ingevoer. Rusland, Duitsland en Oekraïene verteenwoordig gesamentlik reeds bykans 70% van die totale koring invoere na Suid-Afrika die seisoen (*SAGIS*, 2015). Geen koring is gedurende die week, 30 Mei tot 5 Junie ingevoer nie. Die progressiewe koringinvoere vir die seisoen staan tans op 1 299 551 ton (*SAGIS*, 2015).

In die drie weke vanaf 16 Mei tot 5 Junie 2015 is daar gemiddeld 6 600 ton koring per week na die buurlande uitgevoer; dit bring die totale koringuitvoere vir die seisoen op 197 715 ton (*SAGIS,* 2015).

Van 16-22 Mei is daar selfs nog minder koring (204 ton) as vroeër die maand deur produsente gelewer (*SAGIS*, 2015). Diè lewerings is gevolg deur 2 032 ton gedurende die eerste week van Junie, en 3 845 ton in die daar op volgende week. Die *SAGIS* koringleweringssyfer vir die seisoen vanaf 27 September 2014 word tans op 1 697 464 ton gereken (*SAGIS,* 2015). Die syfer verteenwoordig 97% van die nasionale koringoes wat op 1 750 000 ton op 7 Mei 2015 gefinaliseer is (*NOK*, 2015).

Die *Nasionale Oesskattingkomitee* (*NOK)* het teen einde April bekend gemaak dat hul die voorneme om wintergewasse aan te plant (gebaseer op toestande soos teen mid-April 2015) op 481 300 hektaar reken (*NOK*, 2015). Verder is die voornemende kanola- en moutgars- oppervlak onderskeidelik op 85 000 hektaar en 95 800 hektaar gereken (*NOK*, 2015).

<u>Somergewasse</u>: Die 4de oesskatting vir somergewasse wat aan die einde van Mei bekend gestel is, het die oesskatting vir mielies op 9 840 050 ton gedui, 0.79% (77 500 ton) hoër as die vorige skatting (*NOK,* 2015). Onderskeidelik word die wit- en geelmielieproduksie op 4 731 800 ton (+1.57% op die vorige skatting) en 5 108 250 ton (+0.09%) geskat. Die totale mielie oes is tans 4 409 950 ton (31%) kleiner as die 2014-oes van 14 250 000 ton. Die mielie-aanplantings-oppervlak word onverandered op 2 652 850 hektaar geskat (*NOK,* 2015). Die meegaande grafieke toon die verandering in die mielie-oesskatting sedert Februarie 2015. Die 5de oesskatting word op **30 Junie 2015** bekend gemaak.



Vanaf 16 Mei tot 5 Junie 2015 is daar gemiddeld 324 000 ton witmielies en 458 000 ton geelmielies per week gelewer (*SAGIS,* 2015). Diè lewerings bring die progressiewe lewerings vanaf 25 April 2015 tot 1 182 721 ton witmielies en 1 753 992 ton geelmielies (*SAGIS,* 2015). Die leweringstempo van mielies tel steeds op sedert die begin van die seisoen, en is tans voor die lang termyn gemiddeld – daar moet egter in gedagte gehou word dat die droër seisoen ook tot die vinnige afdroog van die mielies gelei het.

Die laer opbrengs verwagting vir die seisoen ondersteun steeds die mielieprys soos die oeslewerings besig is om in te kom. Die prys vir geel- en witmielies vir lewering in Junie het onderskeidelik die week op R2 470 per ton en R2 837 per ton gesluit (*SAFEX,* 2015). Die geelmielies is R36 per ton hoër as die vorige week, terwyl die prys van witmielies die week R110 per ton hoër as die vorige week gesluit het. Die prys vir geel- en witmielielewering was verder onderskeidelik 25% (R496 per ton) en 52% (R966 per ton) hoër as die vorige jaar se vergelykende verhandelingsdag van 2014.



Soos reeds vroeg in die seisoen duidelik geword het, sal mielie-invoere ongetwyfeld deel uitmaak van die seisoen se voorraad. Teen 28 April was daar reeds amptelik 65 250 ton geelmielies ingevoer (*SAGIS*, 2015). 'n Verdere geelmielie invoerlewering van 33 138 ton koring is vanaf Argentinië vir die week 9-15 Mei bevestig (*SAGIS,* 2015). Na verwagting sal nog 30 000 ton mielies binnekort die land inkom. "A *large part of the yellow maize imports is expected to supply the coastal markets*," (*Business Day Live*, 2015).

Mielie-uitvoere beloop tans rondom 6 200 ton witmielies en 4 000 ton geelmielies per week, die mielies was hoofsaaklik vir buurlande bestem, maar vroeg in Mei is daar wel 1 418 ton geelmielies na Korea uitgevoer (*SAGIS,* 2015). Diè uitvoere bring die totale uitvoere vir die seisoen vanaf 25 April tot 5 Junie 2015 op 47 046 ton witmielies en 26 273 ton geelmielies (*SAGIS*, 2015).

2. EKONOMIE & ENERGIE

Op internasionale front duur die Griekse tragedie steeds voort - hul kon nie die beplande betaling op 5 Junie laat realiseer nie. "*European negotiators are expressing their frustration after contradictory comments from the Greek prime minister and after the country became the first since Zambia 30-year ago to delay repaying the International Monetary Fund (IMF)*" (*RMB*, 2015). "*Greece has kept going longer than most expected but it seems that they are not going to make it through June without further bailout funds*" (*RMB*, 2015). Alhoewel Griekeland weer hul bereidwilligheid om te betaal en om saam te werk bevestig het, is tyd besig om uit te hardloop.

In Turkey het die heersende AKP party ook nie die parlimentêre meerderheid bereik nie, gevolglik kan dit risiko van onstabiele koaliese situasie tot gevolg hê. "*The lira has weakened sharply on the news*" (RMB, 2015).

Organisation of the Petroleum Exporting Countries (OPEC) wat verantwoordelik is vir 30% van die globale ru-olie produksie, laat steeds hul produksiekwotas sedert November onverandered. Hul het diè houding ingeneem in 'n poging om die VSA-produsente uit die oliemark te haal. Daar word nie verwag dat *OPEC* drastiese produksie aanpassings sal maak nie, maar daar is 'n moontlikheid dat hul later vanjaar produksie sal opstoot om verdere prysstyging teen te werk (*FIN24,* 2015). Sedert Mei verhandel die Brent ru-olieprys bo $60 per vat, en gedurende die week het Brent ru-olie tee $63 per vat verhandel. Diè styging in die prys is meegebring deur die hoër vraag en die ander faktore, ingesluit die "*geopolitical turmoil*" (*FIN24*, 2015).

Op plaaslike front was *Fitch* verbasend goedgunstig teenoor Suid-Afrika om geen krediet afgradering aan te kondig nie. Gegewe diè syfer is daar tog 'n skrale moontlikheid dat Suid-Afrika 'n afgradering in Desember kan vermy aangesien Suid-Afrika steeds op die "*negative watch*" is. Na verwagting kon sulke nuus die Suid-Afrikaanse markte 'n effens hupstoot toegedien het, maar volgens *RMB* het "*the market has largely ignored the Fitch decision*". Die verbeterde

situasie met *Eskom,* was egter een van die meer positiewe faktore volgens die kredietgraderings organisasie, maar die algemene negatiewe vooruitsig is steeds kommerwekkend (*FIN24,* 2015).

Die *RMB/BER "Business Confidence Index"* het tot 43 in 2Q2015 verswak, veral in die bou-, vervaardiging- en kleinhandelsektore. Sedert die finansiële krisis het die besigheidsvertrou-indeks tussen 39 en 51 beweeg. Vervaardiging het in April jaar-tot-jaar met 2% gedaal, teenoor die verwagte 1.4% styging. Mynbou het effe beter as verwag op 7.7% jaar-tot-jaar vertoon. Ten spyte van groei wat by tye in die onderskeie sektore getoon word, is dit duidelik dat die ekonomie uiters stadig groei.

Die *Department van Energie* het 'n petrolprys styging van 47 sent per liter vir Junie aangekondig - dus het die petrolprys sedert April reeds met R1.62 gestyg. Die dieselprys vir Junie sal tussen 46 en 49 sent per liter styg. "*International factors include the fact that South Africa imports both crude oil and finished products at a price set by the global markets, including shipping costs*," soos genoem aan *FIN24* deur die *Department van Energie*.



Volgens die jongste inligting van die *Sentrale Energie Fonds* word verwag dat die dieselprys op 1 Julie 2015 met 13 sent per liter kan styg, en die petrolprys met 50 sent per liter (*GraanSA*, 2015). Die verswakking in die wisselkoers in Junie-maand is die hoof oorsaak in die verwagte stygings.

Die Rand se geweegde gemiddelde koers teen 10h30, 12 Junie 2015 waarteen dit teenoor die *VS-Dollar* verhandel het, was R12.43 (*Reserwe Bank*, 2015). Die *Britse pond* het Vrydag teen R19.27 en die *Euro* het teen R13.94 teenoor die Rand verhandel (*Reserwe Bank*, 2015).

"*Any increase in the repo rate, coming on top of the Eskom rate increase and an expected rise in the fuel price at the end of the month, would have been 'problematic'. Deeply indebted consumers are incredibly vulnerable to any price increases and an escalation in the cost of borrowed money would have hit them hard*," sê Niel Roets van *Debt Rescue* (*FIN24*, 2015).

3. INTERNASIONALE SITUASIE

Internasionale nuus word weer in 'n volgende verslag bespreek.